# Die Keuring van Studenteverpleegkundiges aan die Randse Afrikaanse Universiteit — 'n Oorsig

**Margaretha C. van Huyssteen — B.A. (UNISA) M. Cur. (U.P.), G.A.V., G.V.V., D.V.A., D.V.O., Dipl. G.G.V.**
**Voorsitter van die Departement Verpleegkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit.**

**Catharina W. Fölscher — M.Cur. (U.P.), G.A.V., G.V.V., G. Psig. V.**
**Registrasie as dosent en in Intensiewe Verpleegkunde. Lektrise aan die Randse Afrikaanse Universiteit.**



Prof. M.C. van Huyssteen



Mej. C.W. Fölscher

## SUMMARY

**In student selection for the degree in nursing (B.Cur.) at the Rand Afrikaans University two rating scales are used consisting of an academic and an interview component. In calculating the academic mark an extra weighting is given to subjects such as Biology, Science and Mathematics and to subjects taken at higher grade.**

**In an overview comparing the selection results of 137 candidates, selected for the degree since 1975, with the examination results of the first year at University it is evident that the academic mark is a reasonably reliable norm in student selection.**

**The value of the interview has not been established and further research and adaptations are necessary.**

DIE graad B.Cur. word vanaf 1975 by die Randse Afrikaanse Universiteit aangebied en van die begin af is voornemende kandidate aan 'n keuringsprosedure onderwerp.

In totaal is 137 studente reeds gekeur waarvan 90 vir die periode 1975 tot 1977 en 47 in 1978.

Aanvanklik is alle studente met 'n matriekvrystelling aanvaar en dit het 'n gulde geleentheid gebied om te probeer bepaal watter faktore belangrik is vir die suksesvolle voltooiing van die eerste jaar wat allerweë beskou word as die belangrikste struikelblok in die uiteindelike voltooiing van die graad.

Die bepunting is deur middel van twee glyskale gedoen — Saal A slegs vir akademiese prestasie reeds vanaf begin 1975 en Skaal B vanaf begin 1978. Die akademiese komponent van skaal B is egter ook terugwerkend op vorige jare se uitslae gebruik. Die onderhoudkomponent van skaal B geld dus slegs vir 1978. Voorheen is ongestruktueerde onderhoude gevoer.

KEURINGSGLYSKALE

**Skaal A**

Die volgende punt is toegeken vir die simbole behaal in die matriek eindeksamen:

| *Simbool:* | *Punt:* |
|---|---|
| A | 6 |
| B | 5 |
| C | 4 |
| D | 3 |
| E | 2 |
| F | 1 |

'n Addisionele punte-toekenning is gemaak vir voorkeur vakke nl.

| | |
|---|---|
| Biologie: | 3 |
| Wetenskap: | 2 |
| Wiskunde: | 1 |

**Groepindeling**

Nadat die berekening gedoen is is die kandidate as volg in groepe ingedeel:

Groep A = 30 plus
Groep B = 25-29
Groep C = 20-24
Groep D = 20 en minder

'n Aanpassing is gemaak waar daar 'n negatiewe korrelasie is tussen die kandidaat se groepindeling en haar IK na aanleiding van die volgende skaal.

| **Groep:** | **IK** |
|---|---|
| A | 120 plus |
| B | 109-119 |
| C | 100-110 |
| D | 99 en onder |

D.w.s. as 'n kandidaat met 'n IK van 120 plus in groep D geplaas is word 3 punte afgetrek of met 'n IK van 100-110 geplaas in groep B word 1 punt bygetel.

Voorbeelde om bogenoemde te illustreer:

**Voorbeeld 1**

| *Vakke:* | *Simbole* | *Bepunting* |
|---|---|---|
| Biologie | C | 4 |
| Wiskunde | B | 5 |
| Aardrykskunde | C | 4 |
| Afrikaans | A | 6 |
| Engels | B | 5 |
| Geskiedenis | D | 3 |
| | | 27 |
| Biologie | | +3 |
| Wiskunde | | +1 |
| | | 31 |
| IK 118 (d.w.s. 'n effense oorpresteerder vandaar die punt krediet) | +1 | |
| | 32 Groot totaal | |

D.w.s. die kandidaat is in Groepindeling A.

**Voorbeeld 2**

| *Vakke:* | *Simbole* | *Bepunting* |
|---|---|---|
| Afrikaans | D | 3 |
| Engels | E | 2 |
| Duits | D | 3 |
| Wetenskap | D | 3 |
| Wiskunde | E | 2 |
| Biologie | D | 3 |
| | | 16 |

| | |
|---|---|
| Biologie | +3 |
| Wiskunde | +1 |
| Wetenskap | +2 |
| | 22 |
| IK 120 (d.w.s. 'n onderpresteerder vandaar die 2 punte diskrediet) | 2 |
| | 20 Groot totaal |

D.w.s. die kandidaat is in Groepindeling D.

**Skaal B**
Hierdie skaal bestaan uit twee komponente naamlik:

**Akademiese komponent**
'n Punt word toegeken op grond van matriekuitslae aan die hand van twee glyskale, een vir vakke op hoërgraad en een vir vakke op standaardgraad geslaag.

Krediet punte word toegeken vir suksesvolle vorige universiteitsbywoning asook vir voorkeur vakke naamlik Biologie, Wetenskap, Wiskunde, Geskiedenis en 'n derde taal.

**Onderhoud komponent**
'n Gestruktureerde onderhoud word met elke kandidaat gevoer aan die hand van die volgende drie fasette:
Persoonlikheid
Voorkoms
Insig in kursus

**Finale keurpunt**
Hierdie punt word verkry uit die rekenkundige gemiddelde van bogenoemde twee komponente.

DOELTREFFENDHEID VAN DIE KEURING

Tabelle 1 en 2 toon die verband tussen die keurpunt volgens skaal A en B en die eksamenuitslae aan die einde van die eerste jaar in die geval van 1975 tot 1977 en aan die einde van die eerste semester in die geval van 1978.
**L.W.** Die gegewens van 1975 tot 1977 is saamgegroepeer.

**Gevolgtrekkings:**

Aan die hand van bogenoemde tabelle kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

Kandidate in groepindeling "D" in tabel 1 en kandidate met 'n akademiese keurpunt van minder as 64 in tabel 2 toon 'n baie swak eksamenresultaat. (Slaagsyfer 23,1% en 31% respektiewelik).

Die enigste twee druipelinge aan die einde van die eerste semester 1978 ressorteer ook in hierdie groepe.

Dit blyk dus dat kandidate in hierdie groepindelings met enkele uitsonderings na, nie die graad met sukses kan aflê nie en hulle aanvaarding vir die graad B.Cur. word dus bevraagteken.

Die hoë druipsyfer van groepindeling B kan moontlik aan een of meer van die volgende faktore toegeskryf word:
(a) Onderpresteerders
(b) Swak motivering

Gegewens oor dié aspekte is onvolledig en verdere navorsing is nodig.

DIFFERENSIËLE WAARNEMINGS
**Vakkeuse op skool**

Dit word algemeen aanvaar dat Biologie en tot 'n mindere mate Wetenskap en Wiskunde 'n voorvereiste vir 'n graad vir Verpleegkunde behoort te wees.

Tabel 3 toon aan dat bogenoemde bewering gegrond is aangesien:

69,8% van studente wat al drie vakke in matriek gevolg het, ongeag hulle eindeksamensimbole, die eerste jaar van die B.Cur. geslaag het in teenstelling met baie lae slaagpersentasies in die ander vakkombinasies.

**Onderpresteerders**

Indien groepindeling A en C met B en D respektiewelik (tabel 4) vergelyk word kan die studente in groepe B en D aan die hand van gemiddelde IK en slaagpersentasie as akademiese onderpresteerders beskou word. Indien hierdie studente dus nie gemotiveer kan word om te studeer nie is hulle 'n akademiese risiko.

PERSOONLIKE ONDERHOUD IN KEURING

Soos reeds gemeld het 'n Keurkomitee vanaf 1975 tot en met 1977 ongestruktueerde onderhoude met kandidate gevoer en is geen kandidaat wat akademies aanvaarbaar was op grond van onderhoud geëlimineer nie.

In 1978 is Skaal B se onderhoudhandleiding deur die Keurkomitee gebruik. Die elemente van "persoonlikheid" en "insig in kursus" word in Tabelle 5 en 6 ontleed.

**Gevolgtrekking**

Uit Tabelle 5 en 6 blyk dit dat daar tans geen beduidende gevolgtrekking uit hierdie gegewens gemaak kan word nie. As hierdie tendens aan die einde van die jaar nog duidelik is sal die gewig van onderhoudvoering en teenstelling met

akademiese keuring in heroorweging geneem of die onderhoud self geherstruktureer moet word.

Die volgende interessante waarnemings is egter gemaak:

Uit 14 gevalle waar die akademiese punt die finale keurpunt opgestoot het is die uitslag soos volg:

| | |
|---|---|
| Slaag | 13 |
| Druip | 0 |
| Staak | 0 |
| Sukkel | 1 (druip 2 kursusse) |

Uit 21 gevalle waar die onderhoudpunt die finale keurpunt opgestoot het is die uitslag soos volg:

| | |
|---|---|
| Slaag | 8 |
| Druip | 2 |
| Staak | 3 |
| Sukkel | 8 |

Uit 12 gevalle waar die onderhoudpunt, akademiese punt en finale punt gelyk is, is die uitslag soos volg:

| | |
|---|---|
| Slaag | 9 |
| Druip | 0 |
| Staak | 1 |
| Sukkel | 2 |

## KEURING VAN STUDENTE VIR DIE DIPLOMA IN VERPLEEGKUNDE

Klein getalle ten spyt, toon tabel 7 dat studente wat in die B. Cur. gedruip en na die diplomakursus gebruik oorgeskakel het dieselfde prestasiepatroon het.

Die blyk dus dat die bevindinge van die keurskale A en B moontlik ook in die diplomakursus gebruik kan word.

## OPSOMMING

Opsommend wil dit dus voorkom asof die akademiese keurpunt in die keuringsprosedure 'n redelik betroubare norm is.

Die waarde van onderhoudvoering is tans nog nie uitgemaak nie, en verdere navorsing en aanpassings sal gedoen moet word.

**TABEL I**
**KEURINGSPUNT VOLGENS SKAAL A EN EKSAMENUITSLAE**

| Groep-indeling | Jaar | Aantal gekeur | | Slaag | | Druip | | Staak | | Aantal in 2e jaar | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Totaal | % | Totaal | % | Totaal | % | Totaal | % | Totaal | % |
| A | 1975-1977 | 16 | 17,8 | 13 | 81,2 | 0 | 0 | 3 | 18,8 | 10 | 62,5 |
| | 1978 | 10 | 21,3 | | | | | | | | |
| B | 1975-1977 | 17 | 18,9 | 7 | 41,2 | 7 | 41,2 | 2 | 11,8 | 8 | 47 |
| | 1978 | 17 | 36,2 | | | | | | | | |
| C | 1975-1977 | 31 | 34,4 | 20 | 64,5 | 9 | 29 | 3 | 9,7 | 20 | 64,5 |
| | 1978 | 12 | 25,5 | | | | | | | | |
| D | 1975-1977 | 26 | 28,8 | 6 | 23,1 | 18 | 69,2 | 1 | 3,8 | 5 | 19,2 |
| | 1978 | 8 | 17 | | | | | | | | |

**TABEL II**
**KEURINGSPUNT VOLGENS SKAAL B EN EKSAMENUITSLAE**

| Akademiese keurpunt | Jaar | Aantal gekeur | | Slaag | | Druip | | Staak | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Totaal | % | Totaal | % | Totaal | % | Totaal | % |
| 50-54 | 1975-1977 | 6 | 7,1 | 3 | 50 | 3 | 50 | 0 | 0 |
| | 1978 | 0 | 0 | | | | | | |
| 55-59 | 1975-1977 | 9 | 10,7 | 2 | 22,2 | 6 | 66,7 | 1 | 11,1 |
| | 1978 | 2 | 4,3 | | | | | | |
| 60-64 | 1975-1977 | 14 | 16,7 | 4 | 28,6 | 8 | 57,1 | 2 | 14,3 |
| | 1978 | 7 | 14,9 | | | | | | |
| 65-69 | 1975-1977 | 12 | 14,3 | 7 | 58,3 | 4 | 33,3 | 1 | 8,3 |
| | 1978 | 9 | 19,1 | | | | | | |
| 70-74 | 1975-1978 | 14 | 16,7 | 7 | 50 | 4 | 28,6 | 3 | 21,4 |
| | 1978 | 4 | 8,5 | | | | | | |
| 75-79 | 1975-1977 | 13 | 15,5 | 10 | 76,9 | 3 | 23,1 | 0 | 0 |
| | 1978 | 7 | 14,9 | | | | | | |
| 80-84 | 1975-1977 | 1 | 1,2 | 1 | 100 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | 1978 | 8 | 17,0 | | | | | | |
| 85-89 | 1975-1977 | 4 | 4,7 | 3 | 75 | 1 | 25 | 0 | 0 |
| | 1978 | 3 | 6,4 | | | | | | |
| 90-94 | 1975-1977 | 2 | 2,4 | 1 | 50 | 1 | 50 | 0 | 0 |
| | 1978 | 5 | 10,6 | | | | | | |
| 95 + | 1975-1977 | 9 | 10,7 | 6 | 66,7 | 0 | 0 | 3 | 33,3 |
| | 1978 | 2 | 4,3 | | | | | | |

## TABEL III
## DIE VERBAND TUSSEN BIOLOGIE, WISKUNDE EN WETENSKAP EN EERSTEJAAREKSAMENUITSLAE 1975—1977 EN EERSTE SEMESTERUITSLAE 1978

| Vakkombinasies | Aantal gekeur | | Slaag | | Druip | | Staak | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Totaal | % | Totaal | % | Totaal | % | Totaal | % |
| Slegs Biologie 1975-1977 | 17 | 19.1 | 6 | 35,3 | 11 | 64,7 | 0 | 0 |
| 1978 | 7 | 15.6 | | | | | | |
| Wiskunde en Biologie 1975-1977 | 21 | 23,6 | 7 | 33,3 | 9 | 42,9 | 5 | 23,8 |
| 1978 | 18 | 40 | | | 2 | | 1 | |
| Wiskunde en Wetenskap 1975-1977 | 8 | 8,9 | 1 | 12,5 | 5 | 62,5 | 2 | 25 |
| 1978 | 2 | 4,4 | | | | | | |
| Wiskunde, Wetenskap en Biologie 1975-1977 | 43 | 48,3 | 30 | 69,8 | 10 | 23,3 | 3 | 6,9 |
| 1978 | 18 | 40 | | | | | 2 | |

## TABEL IV
## VERBAND TUSSEN KEURSIMBOOL IK EN EKSAMENUITSLAE

| Skaal A | Jaar | Gem. IK | Gekeur | | Slaag | | Druip | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Keursimbool | | IK | Totaal | % | Totaal | % | Totaal | % |
| A | 1975-1977 | 120,3 | 16 | 17,8 | 13 | 81,3 | 1 | 6,3 |
| | 1978 | 121 | 10 | 21,3 | | | | |
| B | 1975-1977 | 117,6 | 17 | 18,9 | 7 | 41,2 | 10 | 58,8 |
| | 1978 | 120,5 | 17 | 36,2 | | | | |
| C | 1975-1977 | 115,3 | 32 | 35,6 | 20 | 62,5 | 11 | 34,4 |
| | 1978 | 111,8 | 12 | 25,5 | | | | |
| D | 1975-1977 | 113,3 | 25 | 27,8 | 5 | 20 | 19 | 76 |
| | 1978 | 118,3 | 8 | 17,0 | | | | |

## TABEL V
## VERBAND TUSSEN PERSOONLIKHEIDSPUNT EN UITSLAE VAN EERSTE SEMESTEREKSAMEN 1978

| Persoonlikheids-punt (uit 60) | Totaal Gekeur | Slaag | Druip | Staak | Sukkel ten spyte van slaag |
|---|---|---|---|---|---|
| 40,75-43,05 | 4 | 4 | 0 | 0 | 0 |
| 43,05-45,35 | 4 | 3 | 0 | 1 | 2 |
| 45,35-47,65 | 15 | 11 | 1 | 3 | 2 |
| 47,65-49,95 | 15 | 14 | 1 | 0 | 6 |
| 49,95-52,25 | 4 | 4 | 0 | 0 | 2 |
| 52,25-54,55 | 4 | 4 | 0 | 0 | 2 |
| 54,55-56,85 | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 |

## TABEL VI
## VERBAND TUSSEN "INSIG IN KURSUS" EN UITSLAE VAN EERSTE SEMESTEREKSAMEN 1978

| Insig in kursus (uit 20) | Totaal Gekeur | Slaag | Druip | Staak | Sukkel ten spyte van slaag |
|---|---|---|---|---|---|
| 6,75- 8,65 | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 |
| 8,65-10,55 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 10,55-12,45 | 9 | 8 | 0 | 1 | 3 |
| 12,45-14,35 | 18 | 15 | 1 | 2 | 6 |
| 14,35-16,25 | 15 | 15 | 0 | 0 | 4 |
| 16,25-18,15 | 4 | 0 | 0 | 1 | 0 |

## TABEL VII
## PRESTASIE IN DIE DIPLOMA IN VERPLEEGKUNDE VAN B.CUR DRUIPELING

## KEURING VAN STUDENTE VIR DIE DIPLOMA IN VERPLEEGKUNDE

| Skaal A Keurpunt | Aantal | SlaagDiploma | Sukkel in Diploma | Druip | Staak |
|---|---|---|---|---|---|
| A | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| B | 4 | 1 | 2 | 0 | 1 |
| C | 5 | 3 | 1 | 1 | 0 |
| D | 9 | 3 | 2 | 4 | 0 |